



Geloftevolk Koördineringskomitee

Posbus 17305
Bainsvlei
9338



Telefoon: 082 455 4303
Vonkpos: vrkomitee@gmail.com
Faks: 086 619 2695

Zuma aanslag op die blanke Christendom

‘n Ope brief aan alle blanke Protestante.

Volgens CITY PRESS van Saterdag 10 Januarie 2015 ⁱ, het die ANC sy 103^{de} verjaardagvieringe in die Kaapstad stadion herdenk. Die berig verklaar **dat ná die sing van die Nkosi Nasionale volkslied en gepaardgaande gebede, daar by monde van ’n sangoma-tipe lofsanger verklaar is dat die plek eers gesuiwer moes word van die Gees van Jan van Riebeeck [’n Protestant]**. [Let op dat die Nkosi Nasionale volkslied een van die ANC se bevrydingsliedere is en dat die bewoording daarvan neerkom op ‘n gebed tot ‘n Afrika “heilige” gees ⁱⁱ.] Hierdeur het die ANC as regeringsparty ‘n amptelike geestesoorlog van stapel gestuur.

Luidens ‘n ander berig het die ‘sangoma’ die woord “exorcise” gebruik ⁱⁱⁱ. Dié begrip illustreer geestelike uitbanning of beswering as deel van geestelike oorlogvoering:-

exorcises;

- *drive out or attempt to drive out (a supposed evil spirit) from a person or place.*
- *“an attempt to exorcise a spirit”*

Hieruit is dit duidelik dat die Heilige Gees van God-Drie-Enig, onder wie se leiding Van Riebeeck hierheen gekom het, en aan Wie hy erkenning gegee het vir die geseënde vestigingsjare by wyse van ‘n gelofte [1654], nie welkom is in die RSA nie en ook nie versoenbaar is met die Nkosi gees waarin die ANC feesviering plaasgevind het nie.

Aansluitend by bovermelde aangeleentheid, het Jacob Zuma [leier van die ANC en huidige Staatspresident] by dié geleentheid se dinee verklaar dat hierdie land se probleme ontstaan het toe Jan van Riebeeck op 6 April 1652 voet aan wal gesit het en dat blankes nooit hierheen moes kom nie ^{iv}.

In terme hiervan het Zuma en sy sangoma-tipe lofsanger, die blanke Christendom aangeval as sou die blanke Christendom ‘n bose gees verteenwoordig en vervolgens die Gees van die Christendom ‘uitgedryf’. Daar bestaan dus geen twyfel nie dat die Gees van die Christendom verskil van die gees van die Afrika inboorling en dat daardie verskil deur Zuma en die ANC bely word.

Deur spesifiek na die wit mense as die ontstaan en daarom bestaan van die land se probleme te verwys, en hul godsdiens daarby te betrek, het Zuma **’n rasse- en geestelike oorlog ontketen** wat nie deur die blanke Protestante daar gelaat kan word nie.

Hierdie ongevraagde kritiek van Zuma negeer die gesindheid van Jan van Riebeeck wat hom [362 jaar gelede] op 6 April 1652 onder andere laat bid het dat: “...onder dese wilde brutale menschen Uwe ware Gereformeerde Christelijcke Leere mettertijd mochte voortgeplant ende verbreijt worden”.

Dié staatshoof se waardering vir die vestiging van die westerse beskawing en die gepaardgaande sendingaksies sedert 1652; die hele skare toehoorders se ondersteunende applous daarop en die absolute stilswye van swart- en gekleurde "teoloë" bevestig dat hulle nie ontvanklik is vir die HEILIGE GEES van GOD-DRIE-ENIG van die ware Christendom nie [Joh.14:16-17]. Verder is die stilswye van Protestantse teoloë kommerwekkend, aangesien die smaadrede teen die Heilige Gees daardeur aanvaar word.

Zuma het ook tydens die geleentheid gesê dat die gewillige verkoper/gewillige koper Grondhervormingstelsel nie werk nie en dat 2015 die jaar van grondonteiening sal wees v. Zuma en sy lofsanger se uitlatings is in terme van die grondwet 'n growwe miskenning van godsdiensvryheid, eiendomsreg en burgerskap en kan die blankes van die RSA seker wees dat die ANC van plan is om hul van alles te stroop, soos uiteengesit in die Freedom Charter – Vryheidsmanifes van die ANC.

Zuma het ook volgens 'n berig^{vi} sy optrede in die stadion afgesluit deur die feesgangers te lei in die sing van : **“Umzini Wam”** met die volgende strekking: **“We are going to shoot them, and they are going to run. We are going to shoot them with the machine gun.”**

Die uitmoor van en haat vir die witman [Uhuru], hier sowel as daar waar apartheid nooit gegeld het nie, is primêr te wyte aan die werke van die Bose wat weet dat die witman die draer is van die Evangelie van CHRISTUS [Jes.43:21]. Derhalwe is die onderskeid tussen die Afrika-mens se Nkosi gees en die blanke Protestante se Heilige Gees nou klinkklaar bevestig.

Elke ingeligte blanke Protestant wat in die vervolg die Nkosi Nasionale volkslied van die Afrika inboorling sing, oortree daarmee die Eerste Gebod van die Almagtige God van hemel en aarde en sal derhalwe dienooreenkomstig sy of haar straf in die gesig moet staar. [Die vyfde volksvergadering van die Geloftevolk van Suid-Afrika (27-29 Sept. 2013) het tot dieselfde gevolgtrekking gekom.]^{vii} .

Alle ingeligte Protestantse ouers is in terme van die Bybel verplig om hul kinders opdrag te gee om onder geen omstandighede die Nkosi Nasionale volkslied van die Afrika inboorling te eerbiedig nie. Dit geld ook vir alle Protestantse liefhebbers van gemengde sport wat tydens byeenkomste die Afrika gees vereer met die sing van die Nkosi Nasionale volkslied, wat in die vervolg nie meer as die Nasionale volkslied beskou kan word nie aangesien die blanke Protestantse Christendom nie verder deel uitmaak van die Nasionale volk nie - aldus die wydingsgeleentheid van die 103^{de} bestaan van die ANC en Zuma se uitlatings.

Alle Protestantse leraars, onderwysers en ouers is by die lees hiervan ingelig en derhalwe verplig om 'n behoorlike verduideliking hieromtrent aan hul lidmate en kinders te verskaf. By versuim hiervan vereenselwig sodanige leraars, onderwysers en ouers hul met Zuma en sy sangoma-tipe lofsanger se aanslag op die wit ras en die Heilige Gees. Efe.6:11-12.

Vrede

Flip Swanepoel

Namens die Geloftevolk Koördineringskomitee [GKK]

i President Jacob Zuma received a hero's welcome from some 40 000 ANC supporters at the Cape Town Stadium as the party feted its 103rd anniversary on opposition turf. Zuma and ANC deputy president Cyril Ramaphosa did a lap of the stadium today and waved to supporters before the formal programme kicked off around noon with the national anthem and prayers. A praise singer told the crowd he needed to exorcise the spirit of Dutch coloniser Jan van Riebeeck before the rally could get underway. "I have to clear the spirit of Jan van Riebeeck from this place first." - <http://www.citypress.co.za/politics/heros-welcome-jacob-zuma/>

ii Lord, bless Africa. May her horn rise high up. Hear Thou our prayers. And bless us. *Chorus:Descend, O Spirit. Descend, O Holy Spirit*

iii <http://www.timeslive.co.za/local/2015/01/10/let-s-exorcise-spirit-of-jan-van-riebeeck- first-praise-singer-tells-crowd-at-anc-rally>

iv The president of South Africa, Jacob Zuma, said last night that whites should never have come to South Africa and that all of the country's problems were their doing. "You must remember that a man called Jan van Riebeeck arrived here on April 6, 1652 and that was the start of the trouble in this country," aldus 'n plasing in City Press en Praag.

v On the 10th of January at a speech in Cape Town President Zuma went even further by announcing that "...land reform on the base of willing seller/willing buyer is not working..." and that"...2015 will be the year of land expropriation..." <http://southafricatoday.net/south-africa-news/jacob-zuma-to-be-charged-with-crimes-against-humanity/>

vi <http://southafricatoday.net/south-africa-news/jacob-zuma-to-be-charged-with-crimes-against-humanity/> At the end of the speech made on the 10th of January the President ended off by leading the crowd of his followers in a song "Umzini Wam" which goes: "We are going to shoot them, and they are going to run. We are going to shoot them with the machine gun."

vii Sien: www.volksvergadering.co.za/ http://www.volksvergadering.co.za/Documents/20141028111823_item_2013%20Volksvergadering%20Besluite%20-%20Bloemfontein.pdf